Atlantic Fertilisers spreek bemesting na die oes aan:

Die doel van na-oes-bemesting is om reserwes aan die wingerdstok te voorsien wat vir die komende groeiseisoen gestoor word.

Sekere vrae moet gevra word voordat bemesting toegedien word, byvoorbeeld wanneer is die beste tyd, watter produk moet gebruik word en hoeveel moet toegedien word. Die vrae behoort reeds aangespreek te wees in die jaar se bemestingsprogram, maar dit is van uiterste belang om die program reg te bestuur en aan te pas indien nodig.

Van die oorwegings waaraan aandag gegee word, is byvoorbeeld die gewas se voedings-behoefte om teiken-opbrengste te bereik, die groeikragtigheid van die blok, tipe besproeiing en metode van toediening van kunsmis, asook die voedingsbydrae van die algemene grondvrugbaarheidstatus soos weerspieël word deur die grondontleding.

Atlantic Fertilisers se ervare span kan behulpsaam wees met die regte beplanning vir jou na-oes-strategie. LP Möller van die plaas Voorsorg in die Rawsonville-omgewing, maak reeds 10 jaar gebruik van Atlantic Fertilisers se wateroplosbare produkte.

“Ek het baie sanderige grond, wat veroorsaak dat water die voeding-stowwe maklik loog en die stokke vinnig blare kan verloor. “As gevolg hiervan het ek ’n kort tydperk om die na-oes-bemesting toe te dien. Ek het vir die afgelope tien jaar meer konstante

oeste sedert ek gebruik maak van Atlantic Fertilisers se produkte en raad oor bemesting, en dit is vir my belangrik," sê LP.

Kontak gerus die tegniese adviseur in jou gebied om jou van diens te wees en verder in te lig rondom dit wat Atlantic Fertilisers jou kan bied. Kom ervaar die "groei wat jy kan meet".